

Maandag

Die Dawids-/ Messiasbelofte 2 Samuel 7: 8 – 16; Die Abrahamsbelofte: Esegïel 36: 24- 28; Christus se vervulling van al twee beloftes: Lukas 1: 68 – 75; Handeling 2: 29 – 36. Teks: Hand. 2:33 “Nadat Hy tot die regterhand van God verhoog is en die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Gees uitgestort, en dit is wat julle sien en hoor.” (Nuwe Direkte Vertaling) Tema: "Christus stort die Gees uit sodat ons heilig en regverdig voor God kan leef." Die kuns van Bybellees, is om die regte verse saam te lees. Hand. 2:33 maak twee aankondigings oor Christus

1. dat Christus aan die regterhand van God verhoog is en
2. dat Christus die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang en oor sy kerk uitgestort het.

Hand. 2:33 is hoe Christus die loflied van Sagaria waarmaak.

1. Hy is die seun van Dawid wat die kragtige verlossing bewerk en wat
2. die belofte aan Abraham vervul dat sy kerk vir God heilig en regverdig sal wees in hulle diens aan God Luk. 1:75. (1953 en Nuwe direkte Vertaling.)

Daarom is 1. die eerste deel van Hand. 2:33 “Nadat Hy tot aan die regterhand van God verhoog is”, die wyse waarop Christus die Dawidsbelofte in 2 Samuel 7 VIR HOMSELF waarmaak en

2. die tweede deel: “die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Gees uitgestort” die wyse waarop Christus die Abrahamsbelofte van Esegïel 36 VIR SY KERK waarmaak.

Daarom gaan Pinksterfees oor twee soorte kragte: die krag van Christus en die krag van die kerk. Hierdie is twee heeltemal verskillende kragte. CHRISTUS se krag is om aan die regterhand van God te gaan sit en die Heilige Gees te ontvang en uit te stort. Die krag van die KERK is om deel te wees van die vervulling van die belofte van Esegïel 36: God maak hulle heilig en regverdig in hulle liefde vir God.

Pinkstertyd is die tyd waarin ons die VERSKIL in hierdie twee soorte kragte moet ontdek. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds Petrus.

Dinsdag

Die Dawids-/ Messiasbelofte 2 Samuel 7: 8 – 16; Die Abrahamsbelofte: Esegïel 36: 24- 28; Christus se vervulling van al twee beloftes: Lukas 1: 68 – 75; Handeling 2: 29 – 36. Teks: Hand. 2:33 “Nadat Hy tot die regterhand van God verhoog is en die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Gees uitgestort, en dit is wat julle sien en hoor.” (Nuwe Direkte Vertaling) Tema: "Christus stort die Gees uit sodat ons heilig en regverdig voor God kan leef." Pinkster gaan oor twee verskillende soorte kragte. Om te verduidelik gebruik ons twee beelde: elektriese krag en waterkrag. Elke plaas werk met twee verskillende soorte kragte: elektriese krag en waterkrag. Net so: twee verskillende soorte kragte werk met Pinkster. Die elektriese krag is die krag waarmee die waterpomp werk en waterkrag is die krag wat maak dat bome vrugte dra. Hierdie is twee heeltemal verskillende kragte: die krag vir die waterpomp en die krag vir die vrugteboom. Christus is soos die waterpomp wat met elektriese krag werk en die lidmate van die kerk is soos die bome wat vrugte dra met waterkrag. Hand 2: 33 wys dat Christus die elektriese krag

ontvang: die krag om aan die regterhand van God te sit. Elektriese krag is die krag van God self, goddelike krag. Met die Goddelike krag om aan die regterhand van die Vader te sit, doen Christus wat 'n waterpomp doen: Hy trek die water uit die grond of rivier en terselfdertyd gooi die pomp met die besproeiingstelsel die water oor die bome uit. Met sy Goddelike krag ontvang Christus die belofte van die Gees en stort dit oor sy kerk uit. So gee Christus met sy goddelike krag (elektrisiteit) vir ons waterkrag: die vergifnis van sonde en liefde van God vir sondaars soos belowe in Esegïel 36. Christus werk met elektriese, goddelike krag en ons werk met die vergifnis van sonde en God se liefde vir ons (waterkrag). Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Woensdag

Die Dawids-/ Messiasbelofte 2 Samuel 7: 8 – 16; Die Abrahamsbelofte: Esegïel 36: 24- 28; Christus se vervulling van al twee beloftes: Lukas 1: 68 – 75; Handeling 2: 29 – 36. Teks: Hand. 2:33 Tema: "Christus stort die Gees uit sodat ons heilig en regverdig voor God kan leef." Jesus se krag om Christus en Here te wees volgens die Dawidsbelofte in 2 Sam. 7 (Hand. 2:36) is

1. die krag om een van Dawid se seuns te wees wie vir altyd koning sal wees. (Jesus het só uit die dood opgestaan om vir altyd mens soos ons te wees.) (Hand. 2: 29-31),

2. die krag om self die Seun van God die Vader te wees, nie 'n kind van God te wees nie. (Hand. 2:33)

en 3. die krag om as God en Here vir ewig oor die kerk te regeer. Dit is hoe Christus se elektriese krag lyk. Dit is God se eie krag om Christus en Here te wees.

Hoe lyk waterkrag? Waterkrag is die krag wat Jesus as Christus en Here aan ons gee om vrugte te dra. Dit is die krag van die belofte van die Gees in Esegïel 36.

1. om van afgodery bevry te word,

2. om van sondes gereinig te word,

3. om 'n hart te ontvang wat God en jou naaste liefhet,

4. om God se Gees, sy liefde, genade, goedheid en barmhartigheid te ontvang en daarin te leef en

5. om as kerk bymekaar gebring te word.

Dit is die waterkrag wat ons as die Here se bome ontvang om heilig en regverdig voor God te kan leef – dit is ons vrugte: volkome en reg gemaak deur God vir sy liefde en in ons liefde. Dit is die twee verskillende Pinksterkragte: Jesus kry die krag om Here en Christus te wees en ons kry die krag om heilig en regverdig in ons liefde te wees. Christus kry nie waterkrag nie. Hy ontvang en gee waterkrag. Ons kry nooit elektriese krag, goddelike kragte en magte nie. Christus se elektriese krag, goddelike krag, gee ons waterkrag. Preek beskikbaar op google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Donderdag

Die Dawids-/ Messiasbelofte 2 Samuel 7: 8 – 16; Die Abrahamsbelofte: Esegïel 36: 24- 28; Christus se vervulling van al twee beloftes: Lukas 1: 68 – 75; Handeling 2:

29 – 36. Teks: Hand. 2:33 Tema: "Christus stort die Gees uit sodat ons heilig en regverdig voor God kan leef." Pastore, priesters en predikante preek vandag dat mense God se goddelike krag met Pinkstertyd moet ontvang. Dit is net soos wat 'n boer sou besluit dat hy sy bome beter krag as waterkrag gaan gee – hy gaan vir sy bome elektriese krag gee. Wat weet ons van 'n boer wat elektriese drade onder sy bome aanlê om elke boom in te prop op die kragdrade met die idee dat as die bome elektriese krag kry, sal die bome skyn van krag, beter bome word en groter en meer vrugte dra? Ons weet hy is van sy trollie af. Wanneer so 'n boer nou nog verder die waterpomp afsit en die waterpype vir die bome wegvat omdat hy vir hulle elektriese krag aangelê het, weet ons dit is sommer net 'n waansinnige mens wat niks van bome af weet nie en nie 'n boer is nie. Dit is die waansinnigheid van die moderne Christelikheid se geestelikes: hulle vat die waterkrag vir lidmate weg en vertel hulle om nou met elektriese krag te moet werk! Openlik preek hulle dat Jesus gekom het om Christene sy eie goddelike krag en sy eie goddelike lewe te gee, sodat jy 'n baie sterker Christen kan wees. Waansinnig preek hulle dat jy met goddelike krag nie sommer maar net dankbaar sal bid en liefhê nie, jy sal met gebed en liefde nou God se goddelike krag ontvang en vrystel, net soos Jesus. Maar... Jesus Christus het nie gekom om sy goddelike krag onder ons te versprei, om vir ons 'n kragopwekker te wees nie. Hy is die Here wat vir ons waterkrag gee: Hy alleen werk met goddelike krag om vir ons God se vergifnis en liefde te ontvang en oor ons uit te stort en dís waterkrag vir ons! Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Die Dawids-/ Messiasbelofte 2 Samuel 7: 8 – 16; Die Abrahamsbelofte: Esegïel 36: 24- 28; Christus se vervulling van al twee beloftes: Lukas 1: 68 – 75; Handeling 2: 29 – 36. Teks: Hand. 2:33 Tema: "Christus stort die Gees uit sodat ons heilig en regverdig voor God kan leef." Geestelikes maak vandag asof Jesus gekom het om aan mense sy goddelike krag te gee, deur te preek dat mense "net moet glo"! Geestelikes se oproep "jy moet net glo", is heeltemal 'n ander geloof as gelowiges se geloof in God se vergifnis en liefde. Dit is soos die verskil tussen bome wat met elektrisiteit moet werk en bome wat water van 'n waterpomp ontvang. Wanneer daardie oom, wat van sy trollie af is, nou al die elektriese drade tussen die bome aangelê het, vir elke boom 'n elektriese muurprop aan sy stam met 'n "cabletie" aangesit het, en hy druk 'n elektriese kontakpunt binne in die boom in, net soos jy dit in 'n ketel, 'n yskas of mikrogolf indruk en hy sê vir die boom: "Nou kan jy maar net glo, dan sal jy die elektrisiteit ontvang", gaan dit werk? Wat is die probleem? Is die probleem dat die boom nie "net wil glo nie"? Die probleem is dat bome nie met elektrisiteit werk nie! Hierdie "jy moet maar net glo", van hierdie geestelikes in die kerk, is 'n verspotte geloof. Dit is om óngeloof maar net te glo! Christene ontvang nooit goddelike krag van Jesus omdat hulle maar "net glo" nie, want Christus gee nooit goddelike krag nie. Christene glo dat Jesus God se vergifnis en liefde ontvang en oor ons uitstort. Dít kan ons maar net glo! Wat maak pastore, priesters en predikante met Christene wat hulle oortuig om "maar net te glo" in elektriese krag, goddelike krag? Hulle maak van ons brandhout vir hulle geestelikheid want as jy

“maar net glo” in goddelike krag en dit werk nie, dan glo jy, jy kan nie meer vrug dra nie en is jy nog net goed genoeg om brandhout te wees vir hulle geestelike drome.
Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds Petrus.